# Dinsdag, 5 Mei 2020

# Lees en Kyk: Bl. 63-65

Inhoud:

- Leerder se leesvermoë en begrip van wat hy/sy lees word getoets.

## Kenmerke van 'n verslag

'n Verslag verskaf inligting oor 'n gebeurtenis of die bevindinge van versamelde inligting. 'n Verslag het:

- 'n opskrif en subopskrifte
- 'n kort inleiding
- inligting oor die volgende vrae: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom?
- paragrawe wat op die bostaande vrae uitbrei
- paragrawe volgens die logiese verloop van die gebeure
- korrekte inligting wat kort en bondig gestel word, maar byvoeglike naamwoorde kan gebruik word om die gebeurtenis vollediger te beskryf
- 'n samevattende slot
- visuele materiaal wat ingesluit kan word om inligting te ondersteun.

Aktiwiteit:

- Leerder lees: Kenmerke van 'n verslag, bl. 63
- Lees nou die verslag op bl. 64-65
- Terwyl jy lees moet jy jouself asseblief die volgende tipe vrae vra:
  1. Wat hoor jy?
  2. Wat ruik jy?
  3. Wat proe jy?
  4. Wat sien jy?
  5. Wat voel jy?

Kyk na nuusverslag aangeheg. https://www.youtube.com/watch?v=_I0CTZQVT_o